



Spesifieke Oueromsendbrief nr. 115 van 2026

20 Oktober 2026

Geagte Ouers / Voogde / Leerders

Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal: Wat is die verskil?

Wat behels die twee vakke in graad 9?

In graad 9 sal leerders wat met Engels Eerste Addisionele Taal voortgaan 'n roman, 'n paar kortverhale en gedigte bestudeer.

In Engels Huistaal (*English Home Language*) word drie genres in diepte geïnterpreteer en ontleed: 'n drama, 'n roman en minstens 12 gedigte. Die letterkunde word op 'n meer gevorderde vlak behandel. Die vak behels ook meer werk, met 'n groter klem op begrip, interpretasie en ontleding. Leerders moet gevolglik op meer huiswerk en 'n swaarder eksamenlading voorbereid wees.

Wie behoort Engels Huistaal te oorweeg?

Leerders wat 'n opregte belangstelling in Engels het, graag lees en 'n sterk taalvaardigheid toon, behoort Engels Huistaal te oorweeg. As riglyn behoort leerders se gemiddelde punt vir Engels verkieslik minstens 75% te wees. Dit is egter ook belangrik dat hulle bereid is om die ekstra werk en die hoër akademiese eise van die vak aan te pak.

Die voorgeskrewe letterkunde word in graad 9 saam in die klas geles. Leerders hoef dus nie nou al die voorgeskrewe boeke vir die eerste maal op hulle eie aan te pak nie.

Waarom word Engels Huistaal reeds in graad 9 aangebied?

Ons bied Engels Huistaal in graad 9 as 'n keusevak aan, sodat leerders wat beplan om Engels Huistaal tot in matriek te neem, aan die hoër standaard en groter werkslading gewoon kan raak. Dit kan veral die oorgang na graad 10 makliker maak.

Neem asseblief kennis: Indien 'n leerder Engels Huistaal kies, moet hy/sy die vak vir die volle jaar neem. 'n Oorskakeling na Engels Eerste Addisionele Taal sal eers aan die einde van die jaar moontlik wees.

Sperdatum: Indien u die Engels Huistaal opsie wil kies, voltooi asseblief die skakel (<https://forms.gle/GTVhNrWvTMpYMv828>) / skandeer die QR-kode op hierdie brief en vul die Google vorm in. Voltooi asb. hierdie vorm teen **Maandag, 26 Oktober** sodat ons die korrekte hoeveelheid boeke betyds kan bestel.



Ons glo die inligting sal help om 'n ingeligte besluit oor hierdie vakkeuse vir graad 9 te neem. Indien daar enige verdere navrae is, stuur gerus 'n e-pos aan Ilke Wagenaar by ilke.wagenaar@hsrandburg.co.za.

Vriendelike Randjiegroete

A handwritten signature in blue ink, appearing to read 'G. van Zyl', written over a horizontal line.

G. van Zyl
Adjunk-hoof: Graad 8- en 9-akademie

A handwritten signature in blue ink, appearing to read 'P. Booysen', written over a horizontal line.

P. Booysen
Skoolhoof